

# WISKUNDE

## TELLING:

### MAANDAG:

Tel aan en terug in:

10e vanaf enige veelvoud van 10 tussen 0 en 200

### DINSDAG:

Tel aan en terug in:

5e vanaf enige veelvoud van 5 tussen 0 en 200

### WOENSDAG:

Tel aan en terug in:

2s vanaf enige veelvoud van 2 tussen 0 en 200

### DONDERDAG:

Tel aan en terug in:

3e vanaf enige veelvoud van 3 tussen 0 en 200

### VRYDAG:

Tel aan en terug in:

4e vanaf enige veelvoud van 4 tussen 0 en 200

**HOOFREKEN: Skryf die dag en datum in Wiskunde werkboek en skryf antwoorde neer in jou boek.**

### MAANDAG:

Aktiwiteit 3: Orden getalle.

Orden in stygende orde:

1) 12, 21, 22, 128, 123, 32

....., ....., ....., ....., .....

2) 84, 58, 85, 80, 55, 50

....., ....., ....., ....., .....

Orden in dalende orde:

3) 75, 55, 257, 67, 157, 57

....., ....., ....., ....., .....

4) 43, 34, 147, 143, 134, 47

....., ....., ....., ....., .....

### DINSDAG:

Aktiwiteit 5: Treinsomme.

1)  $25 + 8 - 0 = \dots\dots\dots$

2)  $34 - 0 + 6 = \dots\dots\dots$


3)  $13 + 13 - 7 = \dots\dots\dots$

4)  $43 - 12 - 6 = \dots\dots\dots$

5)  $58 + 10 + 20 = \dots\dots\dots$

6)  $66 - 3 + 9 = \dots\dots\dots$

7)  $74 + 8 - 5 = \dots\dots\dots$



**WOENSDAG:**

Aktiwiteit 3: Orden heelgetalle (voor, tussen, agter).

- 1) ..... 46
- 2) 56 ..... 58
- 3) ..... 113
- 4) ..... 120 .....
- 5) 89 .....
- 6) 102 ..... 104
- 7) 84 .....
- 8) 139 ..... 141
- 9) ..... 140

**DONDERDAG:**

Aktiwiteit 1:  
Omkring die getalle wat.....

1) groter is as 56  
36 86 34 73 56

2) kleiner is as 93  
83 103 73 95 94

3) kleiner is as 104  
104 114 141 102 14

4) groter is as 135  
136 163 115 125 134

5) kleiner is as 142  
140 143 134 130 144

**VRYDAG:**

Aktiwiteit 2: Orden heelgetalle

- 1) 70 is tussen ..... , .....
- 2) Na 69 kom .....
- 3) Die getal tussen 78 en 79 is .....
- 4) Voor 103 kom .....
- 5) Verdubbel 35 .....
- 6) Halveer 112 .....
- 7) Hoeveel tiene in 130? .....
- 8) Hoeveel ene in 148? .....
- 9) Hoeveel honderde in 78? .....
- 10) 8 vermenigvuldig met 3 = .....

**KONSEP ONTWIKKELING:****MAANDAG:**

- Lees getalle 1 – 500
- Lees getalname 1 – 250

- Lees die volgende getalle hardop vir jou Ma / Pa voor:  
- 89, 76, 23, 102, 145, 167, 220, 299, 357, 299, 413, 499
- Lees die volgende getalname hardop vir jou Ma / Pa voor:  
- nege en tagtig, ses en sewentig, drie en twintig, eenhonderd en twee, eenhonderd vyf en veertig, eenhonderd sewe en sestig, tweehonderd en twintig, tweehonderd nege en veertig

**DINSDAG:**

- **Gebruik die opbou en afbreek van getalle as 'n tegniek vir probleemoplossing in konteks met antwoorde tot 200.**

Neels het 86 lekkers. Manie gee vir hom nog 46 lekkers. Hoeveel lekkers het hy nou? ( Breek dit getalle op in 100e, 10e en 1e. )

**BELANGRIK: Skryf die getalsin, bewerking en antwoord in jou Wiskunde werkboek.**

**WOENSDAG:**

Jan het 167 lekkers gehad. Hy gee 52 daarvan vir Pieter. Hoeveel lekkers het Jan nou oor? ( Breek dit getalle op in 100e, 10e en 1e. )

**DONDERDAG:**

Dit vat 15min om huis toe te stap. Hoe lank gaan dit jou neem om twee keer huis toe en terug te stap.

**VRYDAG:**

Elke leerder moet probeer kyk in die huis vir 'n analoog horlosie. Verskillende dele van 'n horlosie moet bespreek word, asook hoe om tyd te lees. Bv.  
Waar is die 'voor' kant?  
Waar is die 'oor' kant?  
Wat is die verskil tussen die wysers?  
Stel die horlosie op verskillende 'voor' en 'oor' tye en die leerders moet die tyd dan probeer lees.

**ONAFHANKLIKE AKTIWITEIT: LEERDERS DOEN HIERDIE WERK IN HULLE WISKUNDE 1 WERKBOEKE. ONTHOU OM DIE DAG EN DATUM TE SKRYF.**

**MAANDAG:**

- Skryf die volgende getalle in jou werkboek neer. Nommer hulle dieselfde as Juffrou sin:  
1. tweehonderd en twee \_\_\_\_\_ 2. eenhonderd drie en sewentig \_\_\_\_\_  
3. nege en negentig \_\_\_\_\_ 4. driehonderd ses en dertig \_\_\_\_\_  
5. vierhonderd en drie \_\_\_\_\_

- Skryf die getalname wat by hierdie simbole pas. Nommer hulle dieselfde as Juffrou sin:

1. 77 \_\_\_\_\_ 2. 123 \_\_\_\_\_  
3. 165 \_\_\_\_\_ 4. 193 \_\_\_\_\_  
5. 16 \_\_\_\_\_

**DINSDAG:**

Onthou die dag en datum in jou Wiskunde werkboek. Jy het 'n werkvel by jou vir die orden van getalle. Plak dit in en voltooi dit, asb.

**WOENSDAG:**

- Skryf asb vandag se dag en datum in jou Wiskunde 1 werkboek en voltooi die werkvel wat handel oor Simmetrie wat jy by jou moet hê.

**DONDERDAG:**

- Skryf asb vandag se dag en datum in jou Wiskunde 1 werkboek en voltooi die werkvel wat handel oor Tyd/Kalenders wat jy by jou moet hê.

**VRYDAG:**

- Plak alle werkvelle van analoog- en digitale tyd in jou Wiskunde werkboek en oefen saam met Ma / Pa om analoog, sowel as digitale tyd te lees. Voltooi die werkvelle waar van toepassing.